Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 23 Januarie 2020

Gedagte van die week:
We believe … we were born to shine …
Teks van die week:
1 Kor 1:10-17
Meditasie uit die Woord:
In die kerk van Christus stry ons van altyd af met ons natuurlike geneigdhede. Een van hierdie geneigdhede is om mense in kampe te verdeel en dan teen mekaar op te stel. Daarna begin die bekgevegte, die swartsmeerdery, die verdagmakery, die geskinder en al die soorgelyke verwondings. In die gemeente van Korinte was dit ook só en Paulus spreek dit heel eerste aan, want hierdie gedrag vernietig al die potensiaal wat die gemeente het. Dit verlam ‘n gemeente en ‘n gemeenskap sodat daar geen groei kan plaasvind nie. Hierdie soort lewe is ongelukkig vandag nog deel van geloofsgemeenskappe. Dit gebeur selfs by wyksbyeenkomste, selgemeentes, Bybelstudies en sommer in algemene gesprekke waar lede van ‘n gemeente mekaar onderlangs “uithaal”. Dit gebeur veral waar lede van ‘n gemeente hulle leiers teen mekaar afspeel met vergelykende taal en dit raak veral vernietigend waar egoïstiese leiers dit toelaat. Die diepste hartseer is dan dat die kerk van die Here soos die wêreld word … ons word ook ‘n onheilige gemors. En die grootste lydende saak is die goeie Naam van ons Here Jesus Christus. Ek hoor hoe Paulus ook by ons smeek: “”Moenie … asseblief, moenie!”
Meditasie uit die lewe:
Ek het hierdie week weer verstaan dat geloof ons nie noodwendig help **uit** ons magteloosheid met die lewe nie, maar ons eerder help **in** ons magteloosheid met die lewe. Ek het dit intens beleef in die plaaslike Medi-Clinic se ICU. Ek staan by ‘n bed van iemand wat via masjiene asemhaal en wat nie reageer op my woorde en aanraking nie. Ek staan by hom, ek staan en staan en staan … woordeloos, totdat die trane vanself oor my wange begin loop. Ek staan en staan en staan … en dan loop ek maar weg nadat ek net saggies gebid het: “Net U kan. Laat U wil geskied.” Ek stap by die deur uit, “onverrigter” sake. Die volgende dag besoek ek hom weer. Hy is uit die ICU uit. Hy is in ‘n algemene saal. Die masjiene is af. Hy haal moeisaam maar self asem. ‘n Vriend van hom staan saam met my by hom. Later loop ek. Die vriend groet my totsiens en sê dan die woorde: “Ek gaan nog so ‘n rukkie by hom staan, dominee …”. Dalk is geloof om liefdevol magteloos by mense te staan terwyl jy bewus is van die Almagtige.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net ‘n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net